

## **Spoorloos in die ruimte**

Alpha 108 is 'n baie ryk planeet ver weg van die Aarde. Al die infrastruktuur is van goud gemaak. Hulle het ook ruimetetuie vervaardig om in oorloë te gebruik.

Kaptein Regard het een van die goue ruimteskepe vir 'n toetsvlug gevat. Sy seun, Onder-Kaptein Xander, was baie opgewonde om saam te gaan, want dit was sy eerste ruimtereis. Hy het uitbundig geroep: "Hier kom ons!"

Uit die bloute het hulle 'n knalgeluid gehoor en 'n rooi ruimteskip gesien wat nader vlieg. Kaptein Regard het benoud gegil: "Pasop, gevvaar!". Xander het dadelik gereageer en 'n waarskuwingskoot geskiet. Die vyande het nie oorgegee nie, maar begin terugskiet.

Xander het 'n slim plan gemaak, in 'n noodskip geklim en na die vyand toe gevlieg. Hy het by die skip ingesluip, 'n bom geplant en vining ontsnap sonder dat iemand hom gesien het.

Die vyande se skip het ontploff. Hulle was spoorloos! En Xander was Alpha 108 se grootste held. Toe hulle skip terugkom by Alpha 108, het almal geskree: "Xander is 'n goue Kaptein!"

[175 woorde]